# Hoofstuk 8
# Vlooi, vlooi wat soek jy in my kooi?

## Luister en praat

### Hardop lees

Die leerders lees die grappie en gesels daaroor met hul maats.

| | |
|---|---|
| Meneer: | Klas, ek hoop julle hou lekker vakansie en kom met meer verstand terug. |
| Clem: | En dieselfde vir Meneer. |

Gebruik die vrae om die gesprekke te stimuleer:

- Is Clem se antwoord vir jou snaaks of sarkasties? Verduidelik.
  *Snaaks: Die onderwyser vra dat hulle slimmer moet terugkom.*
  *Sarkasties: Die onderwyser meen dat hulle nie slim genoeg is nie.*
- Wat insinueer die onderwyser en Clem onderskeidelik met hul groet? *Die onderwyser insinueer dat dit 'n dom klas is. Die leerder insinueer dat die onderwyser ook nie baie verstand het nie.*

**Wenke vir hardop lees**
Bespreek die wenke met die leerders en laat hulle dit in die klas oefen. Die soort teks bepaal ook hoe dit gelees word. 'n Huldeblyk se voorlesing verskil van dié van 'n snaakse dagboekinskrywing. Wys ook op die belangrikheid van die leestekens in die teks om pouses aan te dui.

**Aktiwiteit 8.1: Lees 'n teks hardop**
Bespreek eers die moeilike woorde in hierdie teks. Laat die leerders dan in pare lees. Nadat hulle gelees het, kan hulle die vrae mondelings beantwoord.

**Vlooisage: Memorandum**
8.1.1 Verduidelik in jou eie woorde na watter twee soort vlooie Mandla verwys. (par.1)
*Hy verwys na meisies en na vlooie, die insekte.*
8.1.2 Wat is jou mening oor die gebruik van vlooie om mense te vermaak?
*Leerder se eie mening. Bv. Dit kan prettig wees om na die toertjies van vlooie te kyk. / Dit is simpel om na vlooie te kyk wat koetsies trek./ Dit is dieremishandeling ...*
8.1.3 Verduidelik hoekom die vlooi die natuur se superman genoem kan word.
*As die vlooi 'n mens was, sou dit alle hoog- en verspringrekords oortref het/die vlooi sou soos Superman kon spring.*
8.1.4 Wat beteken die uitdrukking, op 'n ligter noot? (par. 8)
*Meer grappig/minder ernstig*
8.1.5 Verduidelik die ironie in die grappie. (par. 8)
*Die vrou bedoel dat dit Rex se vlooie is wat op haar spring, terwyl Lucky aanvaar die vrou se vlooie spring op sy hond.*
8.1.6 Wat dink jy sou Rex die vrou geantwoord het as hy kon praat?
*Leerder se eie mening. Bv. Lucky, gee van my vlooipoeier vir die antie.*
8.1.7 Is die grappie vir jou flou of skerp? Motiveer jou antwoord. *Leerder se eie mening. Bv. Dit is flou, want enigeen weet tog dat die basterbrak vol vlooie is. / Dit is skerp, want Lucky het die vrou op haar plek gesit met sy antwoord.*

**Vertel ’n grap**
Dit is ’n kuns om ’n grap goed oor te dra sodat die gehoor dit geniet en lekker lag. Dis ’n goeie plan om ’n klompie grappies gereed te hou waarmee hulle die korrekte voordrag kan oefen. Dit kan ook gebruik word om vir hierdie twee weke elke periode met ’n grappie te begin. Jy kan dit afwissel deur ’n paar grappies onder die leerders se stoele, iewers in die klas of buite onder klippe neer te sit en hulle daarna te laat soek.

**Aktiwiteit 8.2: Vertel ’n grap**
Versoek die leerders om hul gunstelinggrap klas toe te bring. Laat hulle die grappe voor die klas vertel terwyl hul maats hulle op die onderstaande rubriek informeel assesseer. Die klas kies dan die beste grap van die dag.
**Inklusiwiteit**: Hou altyd ’n paar grappe gereed vir leerders wat nie toegang tot grappe het nie en sorg dat hulle dit al die vorige dag ontvang.

| **Vertel ’n grap: Maatassessering** | **Ja** | **Nee** |
|---|---|---|
| Het jou maat duidelik gepraat? | | |
| Het jou maat jou aandag behou? | | |
| Het jou maat die grap geken? | | |
| Het jy gelag na die trefsin? | | |
| Hoe snaaks was die grap? Op ’n skaal van 1–5, gee ’n punt vir die grap. | | |
| *1 = flou; 2 = gemiddeld; 3 = goed; 4 = baie goed; 5 = skreeusnaaks* | | |

**Humor in ’n advertensie**

**Aktiwiteit 8.3: Bespreek ’n advertensie**
Die idee is dat die leerders self die humor in die teks sal raaklees, maar bespreek die middele tot humor wat uit die advertensie blyk aan die hand van die stellings en vrae na die teks op bl. 88 om hulle te help.

**Bel-A-Bobjaan: ’n moontlike memorandum**
8.3.1 *Katelmaats/ vlooibusters / slingerswaai /video-klip ...*
*8.3.2 100%-tevredenheid gewaarborg vir drie dae / Vlooivry-sertifikaat*
8.3.3 *Vervoer: Hulle swaai taklangs tot by die kliënt.*
*Tarief: Jy moet hulle in afvalkos betaal.*
*Afslag: As jy vrugtebome het waarvan hulle natuurlik die vrugte kan eet, hoef jy nie so baie kos te gee nie.*
8.3.4 *Klip verwys hier letterlik na die klip waarop die bobbejane sit, maar ook na die video-uittreksel (video clip) waarna moontlike kliënte kan kyk. Dit kan ook verwys na die bobbejane se tegnologie wat “agter die klip is”– dus baie outyds.*
8.3.5 *Die adres is tipies van die plek waar die bobbejane woon, op Boonste Krans en by Aap se draai – moontlik ’n uitsoekbuurt in Bobbejaanwêreld?*

**Lees en Kyk**

Lees grafiese tekste met humor

**Pre-lees**: Lees die strokiesprent saam met die leerders en laat hulle die humor daarin verduidelik. Die humor in die strokie setel in die **ironie** wat opgesluit is in die **kontras** tussen die prentjies en die byskrifte. Gesels in die klas oor die strokie en verwys in die bespreking na die volgende:
**Die verskil tussen die woorde en die prentjies:**
**Moontlike antwoorde**

- *Dit is ironies dat die prentjies en die woorde nie bymekaar pas nie – dit is waar die humor lê.*
- *In raam 2 is hy moeg van die naweek se rus, maar in raam 3, na 'n veeleisende week by die skool, is hy uitgerus.*
- *Leerders se eie mening. Bv. Opgewonde oor die naweek wat voorlê. / Bly om vir twee dae nie skool te hê nie. / Vies oor die Vrydagmiddag-detensie.*

**Tydens lees: Lees 'n spotprent**
Spotprente verskaf vermaak, maar lewer ook kommentaar op dinge wat gebeur. Bespreek die volgende wenke met die leerders. Wys 'n goeie spotprent (in die huiswerkvelle is daar nog 'n voorbeeld) met die dataprojektor/witbord of fotostateer 'n teks vir die leerders. Of gebruik bloot die spotprent by aktiwiteit 8.4.

| ***Wenke om die boodskap en die humor in 'n spotprent raak te lees:*** | |
|---|---|
| 1. Kyk na die agtergrond vir enige leidrade. Soek na enige woorde wat ook inligting gee. | Waar speel die situasie af? Wat sien jy in die prent? Aanwysings, kernopskrifte, 'n onderskrif ... |
| 2.Lees die praatborrels en die gedagteborrels; dit bevat gewoonlik die kern van die prent. | Praatborrels: wat die karakters sê. Gedagteborrels: wat hulle dink |
| 3. Kyk na die woorde en lettertipes, hoe dit in die spotprent gebruik word. | Let op na die grootte van letters, die gebruik van hoofletters, leestekens en kleur. |
| 4.Kyk na die karakters in die prent, hoe hul geteken is, wat hul lyftaal sê. Is hulle karikature? | gesigsuitdrukking, liggaamshouding, interaksie met die ander |
| 5. Kyk na skaal (grootte) van die karakters en onderwerpe. | Wat is groter, vetter, maerder, voor die ander, meer in die agtergrond? |
| 6.Soek 'n verband met nuusgebeure/ situasies in die alledaagse lewe | Kyk of daar ooreenkomste is soos bv. diere wat soos mense optree |
| 7.Kyk veral na die ironiese kommentaar van die klein karaktertjie(s) regs onder. | Hier is leidrade en pittige sêgoed wat die boodskap ondersteun. |
| 8.Wat is die doel van die spotprent? | Moet dit vermaak, inlig, opvoed of spot? |

Die leerders kan die nommers van die wenke pas by die spotprent van die volgende aktiwiteit en bepaal watter middele aangewend is.

**Aktiwiteit 8.4: Bestudeer die spotprent en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

**Pre-lees**
Vertel vir die leerders die agtergrond van die spotprent:
Navorsers het bevind dat sjimpansees daarvan hou om alkohol te drink en dat hulle selfs gereedskap maak om dit te kan geniet. Die volledige berig, "Sjimps drink hoog in die takke", (Elsabe Brits) is gepubliseer in *Die Burger*, 11 Junie 2015.
Lei die leerders om die leidrade in die spotprent op te tel na aanleiding van die wenke waaroor julle gesels het. Hulle moet die wenke pas by die woorde en sketse in die spotprent.
**Die leerders doen die vrae skriftelik in hul werkboeke.**

**Spotprent: Memorandum**
8.4.1 Skryf in jou eie woorde waaroor die spotprent gaan. DV 3 (1)
*Sjimpansees raak dronk van palmwyn*.
8.4.2 Wanneer 'n sin op twee maniere verstaan kan word, is dit dubbelsinnig en 'n belangrike middel tot humor. Verduidelik die dubbelsinnigheid in die volgende idiome. DV3 (3)
8.4.2.1 Hoog in die takke wees (1)
*Letterlik hoog in die boom rond klouter/dronk wees*
8.4.2.2 Twee rye spore loop (1)
*Letterlik twee rye spore trap as jy loop / so dronk wees dat jy nie reguit kan loop nie.*
8.4.2.3 Lekker geswaai (1)
*Van tak tot tak of aan 'n tak swaai/ dronk wees*
8.4.3 Nog 'n middel tot humor is gepaste woordspeling. Verduidelik die woordspeling in die woord sjimpain. DV3 (1)
*Sjimpansee + sjimpanje / ook Sjampanje wat jou pyn (pain)/kopseer gee.*
8.4.4 Lees die ironiese kommentaar van die karaktertjie in die onderste regterhoek en verduidelik wat bedoel word met die woorde:
"Het die eerste prys ingepalm vir die geswaelste sjimp." DV3 (1)
*Hy het die meeste gedrink/is die dronkste sjimpansee.*
8.4.5 Verwys na die sjimpansees in die Swartland wat gekoring in plaas van gepalm is. Motiveer waarom die woord gekoring hier die beter woordkeuse is. DV 4 (1)
*Die boere in die Swartland boer hoofsaaklik met koring waarvan daar ook bier gemaak word. Die bobbejane kan dus daar dronk raak van koring, dus "gekoring" wees wat 'n beter keuse as gepalm is.* (1)
8.4.6 Humor ontstaan ook wanneer die bekende verdraai word. Lees die woorde van die liedjie wat die sjimpansee in die boom sing: *O, palmwyn laat my staan* ... Dit is 'n parodie op die liedjie *O brandewyn laat my staan, ek wil nou huis toe gaan*.
8.4.6.1 Hoekom pas die verandering van die liedjie beter by die onderwerp van die spotprent? DV 3 (1)
*Dit is palmwyn wat hulle dronk maak, nie brandewyn nie.*
8.4.6.2 Watter aanduiding is hier dat die sjimpansee te veel gedrink het? Motiveer jou antwoord. DV 3 (1)
*Hy sing die tipiese dronkmansliedjie. / Hy hik. / Hy dans onvas op sy voete soos een wat twee rye spore loop – die sjimpansee regs sê dit ook.*
8.4.7 Dink jy dat die spotprenttekenaar die situasie in die spotprent snaaks uitgebeeld het? Motiveer jou antwoord. DV5 (1)
*Leerder se eie mening. Bv. Ja, veral die gesigsuitdrukkings van die sjimpansees, saam met die praatborrels, vertel die storie van hul "drinkparty"./ Die gebruik van die idiome is baie skerp ...*

**Aktiwiteit 8.5: Maak ’n opsomming**

Die leerders moet nie net snaakse stories kan vertel nie; hulle moet ook snaaks kan skryf. Dié teks gaan oor snaaks skryf.

Die leerders maak ’n opsomming uit die leesstuk van enige **SEWE wenke** vir die skryf van ’n humoristiese teks. Die opsomming moet puntsgewys onder mekaar aangebied word en mag nie meer as 70 woorde wees nie.

Gesels eers weer met die leerders oor hoe om ’n opsomming aan te pak. Verduidelik ook aan die leerders hoe ’n opsomming nagesien word.

**Humor skryf is geen grap nie: memorandum**

1. *Beskryf mense en karakters in detail.*
2. *Sorg dat jy weet wat in die nuus aangaan.*
3. *Laat die leser self die humor ontdek.*
4. *Gebruik oordrywing.*
5. *Speel met dubbelsinnigheid.*
6. *Gebruik idiome en vergelykings.*
7. *Oefen om humoristies te skryf.*

.

**Wenk:** Maak ’n plakkaat vir die klas met die wenke van die opsomming. Die leerders kan hul eie voorbeelde vir elke wenk byvoeg.

Lees gedigte

**Pre-lees**

Alle gedigte is nie altyd ernstig van aard nie; soms is die tema lig en prettig. Philip de Vos laat ons gereeld glimlag met sy snaakse limerieke.

Bespreek die kenmerke van ’n limeriek met die leerders.

Dit is veral belangrik dat hulle ook die ritme daarvan aanvoel. Laat hulle die ritme klap **vir verryking**, maar nie vir assessering nie.

taTAM tattaTAM tattaTAM /
(tat)taTAM tattaTAM tattaTAM /
(tat)taTAM tattaTAM /
(tat)taTAM tattaTAM /
(tat)taTAM tattaTAM tattaTAM

Behandel die limeriek met die leerders. Dit word op bladsy 90 en 91 van die Leerdersboek uiteengesit.

**Aktiwiteit 8.6: Beantwoord vrae oor drie limerieke**

Lees die limerieke hardop saam met die leerders voordat hulle die vrae oor die drie gedigte beantwoord.

**Moontlike memorandum:**

8.6.1 Skryf die <u>rympatroon</u> neer. DV2 (1)

*aaba*

8.6.2 Skryf reëls 1 en 2 neer en onderstreep die assonansie. DV2 (1)

*Ant<u>ie</u> Nap<u>ie</u>r verl<u>ie</u>f m<u>ie</u>r*

8.6.3 <u>Woordspeling</u> word in reël 5 gebruik as middel tot humor. Identifiseer die woordspeling. DV2 (1)

*mier en muur*

8.6.4 Skryf in jou eie woorde wat gebeur met die mier. DV2 (1)

*Die mier is “oor die muur” beteken hy is dood.*

8.6.5 In B word die onverwagse as middel tot humor gebruik. Skryf die twee onverwagse elemente in die gedig neer. DV3 (2)
*Die dame kon die man in die maan sien (want hy bestaan nie regtig nie) en dat hy 'n loopneus het.*
8.6. Watter woord impliseer dat die dame belangrik was**?** DV2 (1)
*"aansien"*
8.6.7 Bespreek die dubbelsinnigheid in die woord "geloop" in reël 5. DV3 (2)
*Sy neus het letterlik op die maan rondgeloop of daar het water uit sy neus geloop, asof hy verkoue het*.
8.6.8 Watter twee goed het die vrou van Clocolan om die man in die maan se hart te wen? DV2 (2)
*hoop en 'n ou teleskoop*
8.6.9 Watter woord in reël 5 bewys dat sy nie suksesvol was in haar soeke na liefde nie? DV3 (1)
*"sug"*
8.6.10 Waarom is dit ironies dat sy 'n ou teleskoop gebruik? DV3 (1)
*'n Mens het 'n baie gevorderde teleskoop nodig om na details op die maan te kyk; 'n ou teleskoop sal jou dus nie help nie.*
8.6.11 Gee jou gemotiveerde mening oor watter van die drie vroue (A, B, C) die suksesvolste was. DV4 (2)
*Leerder se eie mening. Bv. Die vrou van Clocolan, want sy het immers hoop behou.*

[15]

## Skryf en Aanbied

Gesels met die leerders oor **Gekkedag** (*April Fool's Day*). Gebruik die vrae om oor Gekkedag te gesels. Die prentjie van die koerantpapier-kantoor dien as prikkel vir die bespreking oor die wenke vir die skryfaktiwiteit.
Die stappe van die skryfproses moet gevolg word. Verwys die leerders na die wenke wat in die opsomming in Aktiwiteit 8.5 voorkom.

**Aktiwiteit 8.7: Skryf 'n humoristiese persoonlike mededeling of vertelling.**

Bespreek die onderwerpe met die klas en moedig hulle aan om moontlike gedagtes daaroor met mekaar te deel.
Die leerders skryf 'n langer transaksionele teks van 120–150 woorde oor een van die volgende onderwerpe:

1. 'n Gekkedagpoets vir Meneer/Juffrou Afrikaans.
2. Toe April se Gekkedag-grap skeefgeloop het ...
3. Lekker gevang op Gekkedag!
4. Die snaakste ding wat ek al beleef het. [30]

**Taalstrukture en -konvensies**
Dit is belangrik dat die leerders gereeld taaloefeninge doen en ook genoeg woordeskat aanleer.

**Aktiwiteit 8:8: Betekenisleer en stylfigure**
Laat die leerders die middele tot humor wat hulle in hierdie hoofstuk geleer het, hersien:

| | |
|---|---|
| **satire** | spot met die dwaashede in die lewe |
| **humor** | dit wat snaaks/komieklik is, wat jou laat lag |
| **sarkasme** | spot wat seermaak; die spreker sê presies wat hy bedoel |
| **geïmpliseerde betekenis** | betekenis wat afgelei word, wat nie eksplisiet daar staan nie. |
| **afleiding** | bepaling van die implikasie van wat gesê word |
| **ironie** | teenstrydigheid waar die teenoorgestelde gesê van wat verwag word |
| **woordspeling** | humoristiese gebruik van ’n woord om ’n ander betekenis uit te bring |
| **karikatuur** | oordrewe illustrasie wat iemand se letterlike of figuurlike kenmerke oorbeklemtoon |

**Soek die term in die blok hierbo wat pas by elke nommer en skryf dit neer:**
8.8.1 woordspeling
8.8.2 sarkasme
8.8.3 sarkasme
8.8.4 sarkasme
8.8.5 ironie
8.8.6 karikatuur
8.8.7 satire

**Verrykingsaktiwiteit:** Nog spelreëls en spelpatrone
**Beantwoord die volgende vrae:**
Kies die korrekte woord tussen hakies:
8.9.1 Die woord *stertjie* word korrek afgebreek as (**ster**-tjie/stert-jie).
8.9.2 Die bobbejane is ( **op pad**/oppad) vullisgate toe.
8.9.3 Daar is ook (ouma’s/**oumas**) in die trop.
8.9.4 Hulle moet oor twee (brugte/**brûe**) klouter.
8.9.5 Die meervoud van speelding is (speeldinge/**speelgoed**).
8.9.6 Die bobbejane is mal oor (bloed rooi/ **bloedrooi**) appels.
8.9.7 Die (**Graad 10-klas**/Graad 10 klas) gebruik hierdie handboek.
8.9.8 Die toeriste neem (fotos/**foto’s**) van die bobbejane.
8.9.9 Daar is vanaand twee (gasse/**gaste**) wat by ons oorslaap.
8.9.10 Weet jy wie is die nuwe (Engels onderwyser/**Engelsonderwyser**)?

**Aktiwiteit 8:9: Woordorde in sinne**
Daar is vaste riglyne vir die woordorde in sinne in Afrikaans. Om die woordorde korrek te doen, moet jy die leerders terugneem na die enkelvoudige en saamgestelde sinne in Hoofstuk 1.

- Woorde/woordgroepe in sinne word in Afrikaans volgens die STOMPI-struktuur geskryf:
- http://www.onniesonline.co.za/afrikaanse-videos-vir-addisionele-taal/
  Kyk hier na ’n uittreksel oor die STOMPI-struktuur.

**Skryf die woorde van die volgende sinne in die korrekte orde:**
8.9.1 Peter graag wil koop ’n apie by die troeteldierwinkel. (1)

*Peter wil graag 'n apie by die troeteldierwinkel koop.*
8.9.2 Ons na Kaapstad vertrek as die klok lui.(1)
*Ons vertrek na Kaapstad as die klok lui. / As die klok lui, vertrek ons na Kaapstad.*
8.9.3 Die bobbejane soek kos omdat hulle is honger. (1)
*Die bobbejane soek kos omdat hulle honger is.*
8.9.4 Die klein apie aan die tak swaai in die bos. (1)
*Die klein apie swaai aan die tak in die bos.*

**Aktiwiteit 8:10: Hersien Ontkenning**
Beklemtoon weer die dubbele nie in Afrikaans.
**Skryf die volgende sinne in die ontkennende vorm:**
8.10.1 Pa, kan Pa in die donker skryf? (1)
*Pa kan nie in die donker skryf nie.*
8.10.2 Pa, skryf pa se naam op die rapport, asseblief. (1)
*Pa, moenie Pa se naam op die rapport skryf nie, asseblief.*
8.10.3 Sheri het haar rapport êrens verloor. (1)
*Sheri het haar rapport nêrens verloor nie.*
8.10.4 Iemand het Sheri se rapport geteken. (1)
*Niemand het Sheri se rapport geteken nie.*

## Addisionele oefening (nie in die Leerdersboek nie)

### Aktiwiteit 8.11: Geïntegreerde Taaloefening

Lees die briefies met verskonings wat by skole opgedaag het:
* A. Verskoon asseblief dat Sara afwesig was. Sy was baie siek en die dokter het gesê sy moet dit afslaap, en toe het ek haar laat uitsit.
* B. Meneer, Dawie was afwesigheid gewees op Maart 29, 30, 32, 32 en ook 33.
* C. Joy was nie by die skool nie, want hulle het haar verstaantande geslaag.
* D. Maryann was afwesig van die 11e tot die 16e. Sy het 'n keel, 'n maag en 'n kop. Haar sussie ook.
* E. Sally wil liewers vandag na 'n begrafnis toe gaan; skool maak haar morbied.
* F. Solo was gister nie by die skool nie, want ons het gedink Maandag is Sondag.
* G. Vir wie ook al hierdie moet lees – Janco sal nie môre skool toekom, hy en sy pa is op jag.
* H. Ismael het nie gedoen sy huiswerk nie, nou hy dwing my om 'n verskoning uit te dink. U is sy Meneer, dink u self een uit. Ek is op gedink.

**Beantwoord die volgende vrae:**
8.11.1 Kies die korrekte woord uit die blokkie om elke sin te voltooi:

| satire / ironie / sarkasme / geïmpliseerde betekenis |
|---|

8.11.1.1 Briefie A is 'n voorbeeld van ................. (1)
8.11.1.2 Briefie E is 'n voorbeeld van .................. (1)
8.11.1.3 Briefie F is 'n voorbeeld van .................. (1)

8.11.2 Kies die korrekte woord uit dié tussen hakies:
8.11.2.1Joy se (verstaantande/verstandtande) is verwyder. (1)
8.11.2.2Die korrekte manier om *begrafnis* af te kap is (beg-raf-nis/be-graf-nis) (1)
8.11.2.3Die verkleinwoord van *verskoning* is (verskoningtjie/verskoninkie) (1)
8.11.2.4Solo gaan (skool toe/skooltoe) want dit is Maandag. (1)
8.11.2.5Sally dra haar (pajama/pajamas) in die straat. (1)

8.11.3 Maak ’n verhelderende sin met elk van die volgende woorde sodat die betekenis duidelik is.
8.11.3.1geslag (1)
8.11.3.2geslaag (1)

8.11.4 Verbeter die foute in die volgende sinne:
8.11.4.1Woordorde: Ismael het nie gedoen sy huiswerk nie, nou hy dwing my om ’n verskoning uit te dink. (1)
8.11.4.2Ontkenning: Janco sal nie môre skool toe kom. (1)
8.11.4.3Dawie was afwesigheid gewees. (1)

8.11.5 Lees weer die volgende briefies en verduidelik waarom dit snaaks is:
8.11.5.1Briefie B (1)
8.11.5.2Briefie D (1)

Totaal: 15

Hierdie bladsy mag gekopieer word

**Aktiwiteit 8:11 Geïntegreerde Taaloefening**
**Memorandum**

Lees die briefies met verskonings wat by skole opgedaag het (bladsy 94 en 95 van die Leerdersboek) saam met die leerders voordat hulle die vrae beantwoord.

**8.11.1 Kies die korrekte woord uit die blokkie om elke sin te voltooi:**

| |
|---|
| **ironie / sarkasme / geïmpliseerde betekenis / woordspeling / antiklimaks** |

8.11.1.1 Briefie A is ’n voorbeeld van ................. (1)
*woordspeling (1)*
8.11.1.2 Briefie E is ’n voorbeeld van .................. (1)
*ironie (1)*
8.11.1.3 Briefie F is ’n voorbeeld van ................. (1)
*antiklimaks (1)*
8.11.2 Kies die korrekte woord uit dié tussen hakies:
8.11.2.1 Joy se (verstaantande/verstandtande) is verwyder. (1)
*verstandtande (1)*
8.11.2.2 Die korrekte manier om begrafnis af te kap is (beg-raf-nis/be-graf-nis) (1)
*be-graf-nis (1)*
8.11.2.3 Die verkleinwoord van verskoning is (verskoningtjie/verskoninkie) (1)
*verskoninkie (1)*
8.11.2.4 Solo gaan (skool toe/skooltoe) want dit is Maandag. (1)
*skool toe (1)*
8.11.2.5 Sally dra haar (pajama/pajamas) in die straat. (1)
*pajamas (1)*
8.11.3 Maak ’n verhelderende sin met elk van die volgende woorde sodat die betekenis duidelik is.
8.11.3.1 geslag (1)
*Die bees word vir die begrafnis geslag. (1)*
8.11.3.2 geslaag (1)
*Tim hoop om vanjaar te slaag. (1)*

8.11.4 Verbeter die foute in die volgende sinne:

8.11.4.1 Woordorde: Ismael het nie gedoen sy huiswerk nie, nou hy dwing my om ’n verskoning uit te dink. (1)

*Woordorde: Ismael het nie sy huiswerk gedoen nie, nou hy dwing my om 'n verskoning uit te dink. (1)*

8.11.4.2 Ontkenning: Janco sal nie môre skool toe kom. (1)

*Ontkenning: Janco sal nie môre skool toe kom nie. (1)*

8.11.4.3 Dawie was afwesigheid gewees. (1)

*Dawie was afwesig. (1)*

8.11.5 Lees weer die volgende briefies en verduidelik waarom dit snaaks is:

*8.11.5.1 Briefie B (1)*

Die briefie noem datums wat nie bestaan nie. (1)

*8.11.5.2 Briefie D (1)*

*Die ouer bedoel dat sy pyn/’n probleem het met die dele genoem; dit is vanselfsprekend dat sy die dele van haar liggaam moet hê. (1)*

Totaal: 15